

## Werk 11 – 14 Aug: Merk vrae reeds gedoen.

### INTERNET EN NETWERK TEGNOLOGIE - MEMO

#### Jun 2013

1. Kommunikasie medium en die regte sagteware.
2. Enige TWEE van die volgende✓✓:
  - Kan duur hardeware soos drukkers deel
  - Kan data maklik deel
  - Sentrale stoorplek vir data
  - Deel van 'n internetkonneksie
  - Maklike kommunikasie
  - ens
3. Bedraad en koordloos
4. 'n PAN (Persoonlike Area Netwerk) is 'n netwerk wat rekenaars naby 'n verbruiker konnekteer soos 'n selfoon en 'n skootrekenaar✓. 'n HAN (Huis Area Netwerk) konnekteer meer toestelle oor 'n groter area soos jou kantoor of hele huis✓.

#### Nov 2011

1. Beskryf kortliks wat die funksie is van die volgende met betrekking tot die internet:
  - 1.1. 'n Maatskappy wat 'n permanente hoëspoed konneksie tot die internet het en dit aan kliënte verhuur teen 'n koste
  - 1.2. Konnekteer jou rekenaar aan 'n telefoonlyn en sodoende die internet
  - 1.3. Programeringstaal vir webbladsye ✓.
  - 1.4. 'n Webblad✓ wat gebruik word om vir spesifieke sleutelwoorde te soek op ander webtuistes✓.
2. Sy kan haar e-pos van enige plek lees✓ en hoef nie dit op 'n spesifieke rekenaar op te stel nie en dit is gewoonlik gratis ✓.
3. Noem EEN voorbeeld van netiket vir e-pos onder elke van die volgende opskrifte:
  - 3.1. Aanhegsel moet klein wees, virusvry wees, ens. ✓.
  - 3.2. Onderwerp moet duidelik en akkuraat wees ✓.

**Maandag: Doen Nov 2013**

## **NOV 2013**

5. Wat is die Internet?
  6. Wat is 'n ISP? (2)
  7. Noem 'n voordeel verbonde aan die gebruik van 'n sellulêre internetkonneksie (soos 3G) in plaas van ADSL. (1)
  8. Wat is 'n URL? (1)
  9. Die volgende verskyn op 'n nuusbrief:  

*www.abc.ac.za*

    - 9.1. Is dit 'n e-pos of 'n webwerf adres? Motiveer jou antwoord. (2)
    - 9.2. Watter soort organisasie word verteenwoordig deur die bogenoemde adres? (1)
    - 9.3. In watter land word dit bedryf? (1)
  10. Wat is die verskil tussen 'n soekenjin en 'n webdeurblaaiër? (2)
  11. Noem TWEE voorbeelde van netiket met betrekking tot e-pos. (2)
- [14]**

**Woensdag: Doen Nov 2010**

## **NOV 2010**

*Die span sal graag van e-pos en ander Internetfasiliteite wil gebruik maak om hulle te help om hulle besigheid te bemark en meer vaartbelyn te maak. Die rekenaar wat hulle gekoop het, het 'n ingeboude 56K modem.*

- 4.1 Gee 'n duidelike beskrywing van die funksie van 'n modem. (2)
- 4.2 Mense maak toenemend van e-pos eerder as fakse en konvensionele pos gebruik om te kommunikeer.
  - 4.2.1 Gee TWEE voordele van e-pos bo die gebruik van fakse om te kommunikeer. (2)
  - 4.2.2 Gee TWEE moontlike nadele by die gebruik van e-pos om te kommunikeer. (2)
- 4.3 Die span sal van 'n ISP moet gebruik maak. Verduidelik kortliks wat 'n ISP is. (Moenie slegs aandui waarvoor ISP staan nie.) (2)
- 4.4 Me Beady het 'n verskeidenheid Internet-opsies nagevors en op 'n ADSL-pakket besluit.  
Noem TWEE voordele by die gebruik van ADSL teenoor 'n normale skakel (*dial-up*) konneksie. (2)

- 4.5 Die span is aangesê om na die webtuiste ***http://www.customs.gov.uk*** te gaan en op die 'info' *hyperlink* te kliek om waardevolle inligting te kry.
- 4.5.1 Sal hulle 'n soekenjin (*search engine*) of 'n webblaaier (*web browser*) gebruik om na die webtuiste te gaan? Motiveer jou antwoord deur te beskryf hoe die funksie van die twee verskil. (3)
- 4.5.2 Wat kan jy aflei van die *.gov.uk* deel van die web-adres? (2)
- 4.5.3 Verduidelik kortliks wat 'n *hyperlink* is en hoe dit op 'n webblad gesien of gevind kan word. (2)
- 4.6 Almal wat die rekenaar gaan gebruik, moet weet wat as *netiket* beskou word.
- 4.6.1 Verduidelik kortliks waarna die term *netiket* verwys. (2)
- 4.6.2 Gee DRIE voorbeelde van wat as *netiket* beskou kan word. (3)
- 4.7 Me Beady het 'n e-pos van die plaaslike koerant ontvang waarin sy versoek is om 'n foto van die span vir publikasie in 'n artikel oor die projek te stuur. Sy het die volgende e-pos as antwoord gestuur:

 To...	Thokozile@BaySun.co.za
 Cc...	
Subject:	Re: Foto versoek
Attach:	 Team.bmp (3 MB)
<p>Hi Thoko</p> <p>Vind asb die foto wat jy versoek het, aangeheg.</p> <p>Groete</p> <p>Enid Beady</p>	

- 4.7.1 Die foto is met 'n digitale kamera geneem. Noem EEN manier hoe die beeld van 'n digitale kamera na die rekenaar oorgedra kan word. (1)
- 4.7.2 Die foto is redelik groot. Gee EEN rede hoekom dit 'n verskil sal maak wanneer 'n mens dit per e-pos stuur. (1)
- 4.7.3 Noem 'n ander lêerformaat (d.i. lêeruitbreiding) wat ook dikwels vir foto's gebruik word. (1)
- 4.7.4 Verduidelik aan Me Beady onder watter omstandighede sy van die Cc-veld in 'n e-pos gebruik sal maak. (1)
- 4.8 Beskryf TWEE ander maniere hoe Me Beady die kans dat hul rekenaar deur 'n virus besmet word kan verminder (uitgesluit die installering van antivirus-programmatuur). (2)